# **Jennifer Aniston: Hollywood se liefling nou bulhond in 'The Morning Show'**

VERKORT EN VERWERK UIT: MAROELA MEDIA

https://maroelamedia.co.za/vermaak/televisie/jen-aniston-hollywood-se-liefling-nou-bulhond-in-the-morning-show/




*(Foto: harpersbazaar.com)*

Die boeiende *(grabbing)* dramareeks *The Morning Show* vertel die verhaal van 'n nuusprogramaanbieder *(news presenter)* wie se loopbaan *(career)* in gedrang *(jeopardy)* kom wanneer haar mede-aanbieder *(co-host)* van wangedrag *(misconduct)* op die stel *(set)* van hulle ontbytprogram beskuldig *(accused)* word.

Daarna word 'n hele nes van wangedrag *(misconduct)* en wanbestuur *(mismanagement)* oopgekrap *(exposed)* en talle lede *(members)* van die program se produksiespan *(production team)* word by die skandaal *(scandal)* betrek *(involved)*.

Jennifer Aniston wat die rol van die bulhond-journalis *(bulldog-journalist)* Alex Levy vertolk *(plays)*, is onlangs *(recently)* benoem vir 'n Emmy as beste aktrise in 'n hoofrol *(leading role)* in 'n dramareeks. Sy het reeds *(already)* 'n Screen Actors Guild-toekenning *(award)* ingeoes *(won / gathered)* vir haar vertolking *(acting)* van dié rol.

Levy en Mitch Kessler, vertolk *(played)* deur Steve Carell, is die afgelope *(past)* 15 jaar mede-aanbieders van *The Morning Show*, 'n grensverskuiwende *(border changing)* ontbytprogram wat uit Manhattan, New York, uitgesaai *(broadcasted)* word.

Wanneer Kessler afgedank *(fired)* word te midde van *(in the midst of)* 'n wangedragskandaal *(misconduct scandal)*, moet Levy vir haar loopbaan *(career)* baklei *(fight)* terwyl 'n wedywering *(competition)* met 'n jong joernalis, Bradley Jackson (Reese Witherspoon), ontstaan *(arise)* en 'n reeks *(series)* impulsiewe besluite *(decisions)* teweeg *(cause)* bring.

Die reeks *(series)*, waarin Billy Crudup en Mark Duplass ook te sien is, laat reekskykers *(viewers)* se tonge klap *(people are talking about it)* sedert *(since)* dit in November verlede jaar sy buiging *(debut)* op Apple TV+ gemaak het.

Aniston en Witherspoon is ook uitvoerende vervaardigers *(executive producers)* van die reeks. Dit is een van Apple TV+ se eerste produksies.